

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 22 Aug 2018
Page: 8

AVE: 47584.27
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

Metro Noord Sport

# UP-Tuks klop Naka Bulle wéér

Morris Gilbert

Dit is die merkwaardige 2018-vorderingsverslag wat UP-Tuks vir homself geskrywe het deur die afgelope Saterdag ook die Superliga-kampioenskapstitel by die Carltonbeker-kroon te voeg wat hy op 28 Julie verower het.

UP-Tuks se oorwinning met 29-9 teen Naka Bulle op Loftus Versfeld was hul 16de agtereenvolgende een van die seisoen, wat verseker het dat die vlagskip van die Universiteit van Pretoria die eerste keer sedert 2008 weer onoorwonne in die plaaslike liga geëindig het.

Die 2018-eindronde het min oomblikke van pure briljantheid opgelewer, maar was eerder 'n klipharde stryd tussen twee ewe vasberade teenstanders wat nie wou kanse waag nie. Dit verklaar die rede waarom die wedstryd net twee drieë opgelewer het en die telbord meer deur suksesvolle skoppe pale toe aan die rol gehou is.

In die eerste helfte was die uitslag nog in die weegskaal deurdat UP-Tuks die eerste keer dié seisoen met rustyd agter geloop het. In die laaste 40 minute het UP-Tuks egter gewys waarom hy dié seisoen van begin tot einde die pas aangegee het.

Wat die beduidende verskil tussen wen en verloor gemaak het, was die mate waartoe UP-Tuks beter was ten opsigte van afronding, spel in die vaste fasette, verdediging en die skopwerk pale toe.

Waar UP-Tuks genoeg rede het om nog lank breëbors rond te loop oor onder meer die twee kampioenskapstitels wat hulle verower het, hoef Naka nie in sak en as te wees nie. In die eerste helftes van sowel die Carltonbeker- as Superliga-eindstryd het hulle UP-Tuks harde bene laat kou. Naka was naas UP-Tuks die klub wat regdeur die seisoen die hoogste spelpeil gehandhaaf het.

Nico Luus, hoofafrigter van UP-Tuks, was baie emosioneel ná sy span se oorwinning in die Superliga-eindstryd.

"Ek sukkel om woorde te kry wat reg sal laat geskied aan wat hierdie uitsonderlike groep spelers dié seisoen vermag het. Ek praat namens die hele bestuurspan as ek sê dit was 'n groot eer en voorreg om met hierdie spelers te werk en te sien hoe hul selfvertroue, vaardighede, momentum, ritme en onversadigbare lus om van wen 'n gewoonte te maak, die dinamika en sinergie van 'n ware kampioenspan aanneem. Vandag was taai, soos ons verwag het, en ons sege het weer die rugbywaarheid beklemtoon dat jy jou kanse moet gebruik as jy eindstryde wil wen. Maande se harde werk, opoffering en vasbyt was toe beslis die moeite werd."




**Die Naka Bulle-slot Adriaan Brits kan net lê en toekyk hoe die Tukkie-vleuel Stefan Coetzee koers kies doellyn toe.** Foto: JOHANNA DE VOS

Stefan Coetzee en Bart le Roux het UP-Tuks se drieë gedruk. Steven Moir het die ander 19 punte met albei doelskoppe, vier strafdoele en 'n skepdoel aangeteken.

Vir Naka Bulle het Jean Grobler met drie strafdoele geslaag.

**Ander eindstryd-uitslae:**
**Presidentsliga:** Impala II klop Tuine-Grizzlies I 35-28. **Carlton 3A-liga:** Naka Bulle klop Tuks-Pumas 39-22. **Carlton 1 B-liga:** Eerste spanne: Korrektiewe Dienste klop Pretoria 37-24 Pretoria; Tweede spanne: Korrektiewe Dienste klop Pretoria 32-14; Derde spanne: Tuine-Grizzlies klop Korrektiewe Dienste 30-14.
**Carlton C-liga:** Eerste spanne: Transnetparke klop Cullinan 22-9; Tweede spanne: Stanza klop Transnetparke 21-7.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.